MAANDELIKSE MARKVERSLAG OKTOBER 2018

BELEGGINGS • AFTREEBEPLANNING • BUITELANDSE BELEGGINGS
BELASTINGBEPLANNING • BOEDELBEPLANNING • LEWENSVERSEKERING

BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH





# INTERNASIONALE MARKTE
## - STYGINGS VIR DIE GROTER INDEKSE, HANDELSPANNING DUUR VOORT



### ► JAPAN VAAR IN SEPTEMBER DIE BESTE

Japan se Nikkei het in September die beste vertoning van ontwikkelde markte aangeteken met 'n styging van 5.5%, nadat Shinzo Abe gemaklik gewen het om as die leier van die Liberale Demokratiese vir 'n termyn van drie jaar aan te bly. Wat sal verseker dat hy steeds die Eerste Minister van Japan sal wees.

### ► NOG HANDELSTARIEWE AANGEKONDIG

Handelstariewe was in September opnuut in die nuus met 'n aankondiging deur die VSA dat tariewe op nog Chinese goedere ter waarde van $200 miljard in werking gestel gaan word. Aanvanklike tariewe van 10% is aangekondig maar dit sal in 2019 tot 25% verhoog word. China het in antwoord tariewe van tussen 5% en 10% op Amerikaanse goedere ter waarde van $60 miljard aangekondig. Dit was laer as wat verwag is, waarskynlik met die hoop dat een of ander ooreenkoms onderhandel kan word.

### ► ONTLUIKENDE MARKTE STABILISEER

In ontluikende markte het die beurse wat in Augustus die grootste verliese aangeteken het in September gestabiliseer. Die Shanghai Saamgestelde Indeks en die Bovespa in Brasilië was albei 3.5% hoër as in die vorige maand. Die beste vertoning is aangeteken deur die Russiese aandelemark – die MSCI Rusland-indeks het in September met 9.3% gestyg – grootliks te danke aan die 50% gewig van energiemaatskappye op daardie beurs, wat voordel trek uit 'n hoër olieprys.

Amerikaanse aandele het in September vir die sesde agtereenvolgende maand gestyg en geraak aan die hoogtepunte van alle tye, wat daartoe bygedra het dat die S&P Indeks die grootste kwartaalikse styging sedert 2013 aangeteken het. Sterk groei in verdienste en 'n rits positiewe ekonomiese aanwysers in die VSA het seker gemaak dat beleggers hulle minder aan politieke risiko steur. Dit het verseker dat Amerikaanse aandele in onlangse maande beter as internasionale aandele vaar.

### ► INDIENSNEMING IN VSA VERTOON BAIE GOED

Die aantal werkloses in Amerika het in 2009, ná die resessie, tot meer as 15 miljoen gestyg. Die werkloses het meegeding om een van die slegs 2 miljoen beskikbare vakante poste te kry. Nou, danksy tien jaar van ekonomiese oplewing, is die situasie geheel en al anders. Die aantal beskikbare vakante poste staan nou op 6.5 miljoen dansky voortgesette ekonomiese groei. Die huidige aantal werklose mense is minder as daardie syfer. Selfs al kry 'n werksoeker 'n pos is daar steeds werksgeleenthede beskikbaar. Die arbeidstekort het gesorg dat lone en salarisse begin styg aangesien maatskappye vir werkers meeding.

# NUUSFLITS

### LEWENSDEKKING WAT IN DOLLAR UITBETAAL IETS OM TE OORWEEG

Vooraanstaande risikoverskaffer Discovery Life het 'n kostedoeltreffende opsie bekend gestel wat lewensdekking in dollar in die buiteland uitbetaal. Hierdie dekking is vir 'n beperkte tydperk beskikbaar teen 'n wisselkoers wat vir 'n termyn van drie jaar op R9.90/$1 vasgepen is. Hierdie aanbod is egter net tot 15 Desember 2018 beskikbaar, waarna nuwe polishouers die heersende wisselkoers moet betaal.

Hierdie opsie is nie noodwendig vir almal geskik nie maar bied 'n verskeidenheid voordele. **Raadpleeg jou adviseur of kontak ons risikokenners om te gesels oor wat die beste opsie vir jou finansiële plan sal wees.:**

+27 (0)11 799 8100

**Leslie Greyling leslie@brenthurstwealth.co.za of**
**Danine van Schalkwyk danine@brenthurstwealth.co.za**

# PLAASLIKE MARKTE

## - PRESIDENT KONDIG PLANNE VIR EKONOMIESE HERLEWING AAN, JSE LAER



### ► LOUWARM REAKSIE OP EKONOMIESE PLAN

President Cyril Ramaphosa het in September 'n program bekend gemaak om ekonomiese oplewing te bewerkstellig. Hoewel verskeie waarnemers dit as 'n goeie begin beskryf het was ander van mening dat dit grootliks fokus op veranderinge aan bestedingsplanne en nie nuwe begrotings beskikbaar gaan stel nie. Van die inisiatiewe wat aangekondig is, is projekte om klein en mediumgrootte ondernemings te steun. Hoewel die pakket ook onder meer die mynboubedryf wil bevorder, het die gewysigde Mynbou Handves steeds vereistes wat SA 'n minder aantreklike bestemming vir beleggings in mynbou maak, vergeleke met ander mynboustreke.

Die plan sal ook op landbou, infrastruktuur, toerisme en laer datakoste fokus. Besonderhede van hoe die Minister van Finansies, Nhlanhla Nene, bestedingsprioriteite gaan verander om die plan te finansier – en wat moontik prysgegee moet word – sal waarskynlik in die tussentydse begroting in Oktober bekend gemaak word.

### ► JSE SLUIT 5% LAER AS IN AUGUSTUS

Voortslepende kommer oor handelskwessies, 'n verwagte verhoging van rentekoerse in die VSA en die vooruitsig dat die Amerikaanse Federale Raad (Fed) moontlik vier rentekoersverhogings (voorheen is drie verwag) gaan aankondig het die SA mark geknou. Alle sektore van die JSE het in September gesukkel en die JSE Indeks van Alle Aandele het die maand 5% laer as die vorige maand (6.4% laer jaar tot datum) op 55 708.5 afgesluit – heelwat laer as die 60 000 kerf wat op 28 Augustus oorgesteek is. Teleurstellende vertonings van groot aandele soos BHP Billiton (-1.8%), British Amercan Tobacco (-6.3%), Naspers (-6.6%) en Richemont (-11.1%) het die JSE afgedruk.

Hoewel sommige groot mynaandele die hulpbronne sektor van die mark onder druk geplaas het, het goeie vertonings van aandele soos Glencore (+2.1% maand op maand), Anglo American (+7.8% maand op maand), Kumba (+21.1%) en in die besonder Impala Platinum (+53.6% maand op maand) die Resi-20 se daling in toom gehou (-1.1% maand op maand). Nywerheidsaandele het veral swak gevaar en die Indi-25 het met 8.6% maand op maand gedaal (-13.2% jaar tot datum). Finansiële aandele het die maand 3.7% swakker as in Augustus afgesluit (-7.3% jaar tot datum).

### ► GELDEENHEID FLIKKER OP IN SEPTEMBER

Hoewel ontluikende markte steeds onder druk is was daar 'n effense oplewing, wat positief was vir die rand. Die herfinansiering van 'n lening deur die tweede grootste bank in Turkye het vrese van 'n skuldkrisis in daardie land laat bedaar, terwyl die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) meer geld en vinniger betalings aan Argentinië belowe het. Dit bring die reddingsplan vir die land op 'n rekordvlak van $57 miljard. Die rand het asem geskep en in September met 3.7% verbeter ná die geldeenheid in Augustus met 10.6% gedaal het. Die plaaslike geldeenheid is jaar tot datum 14.7% swakker as verlede jaar.

Wat ekonomiese sake betref is aangekondig dat SA vir die eerste keer sedert 2009 in resessie is ná die ekonomie vir die tweede agtereenvolgende kwartaal verswak het. Volgens Statistiek SA het die plaaslike ekonomie in die tweede kwartaal van die jaar met 0.7% gekrimp, na die gewysigde inkrimping van 2.6% in die eerste kwartaal. Die verbruikersprysindeks (VPI) het in Augustus verras met 'n laer syfer – na drie agtereenvolgende maande van stygings. 'n Syfer van 4.9% jaar op jaar is vir Augustus aangekondig, teenoor 5.1% in Julie. Die SA Reserwebank (SARB) se Monetêre Beleidskomitee het die repokoers onveranderd gehou op 6.5% en gesê dit was weens die verwagting dat inflasie gaan styg en ook die swak ekonomie.


Brenthurst Wealth Management (PTY) LTD FSP No. 7833

**► BETER UITVOERSYFERS NIE GENOEG OM PLAASLIKE VOERTUIGMARK OPGEWONDE TE MAAK NIE**

'n Maandelikse rekord vir die uitvoer van nuwe voertuie wat in September aangeteken is, was nie genoeg om die teleurstellende plaaslike marksituasie te verbeter nie.

Volkswagen SA en BMW SA in die besonder het goeie uitvoersyfers aangeteken, asook Ford en Mercedes-Benz en 'n totaal van 36 781 voertuie is uitvoer. Dit het die vorige rekord van 36 341 wat in September 2017 aangeteken is, oortref.

Wat die plaaslike mark betref was daar geen goeie nuus om te vier nie. Selfs die mees optimistiese waarnemers meen die plaaslike mark sal gelukkig wees as die syfers van 2017 geëwenaar word. Ná nege maande staan die totaal vir die verkope van alle nuwe voertuie op 412 916, 0.8% laer as die 416 167 van verlede jaar.

Bronne:
BusinessLive I Fin24 I Anchor Capital
Momentum I SunAmerica Asset Management

## ➲ BRENTHURST WEALTH STEL NUWE FONDS BEKEND

Brenthurst Wealth het die eerste beursverhandelde indeksvolgerfonds (algemeen bekend as 'n ETF) wat in internasionale aandele belê bekend gestel, wat blootstelling aan verskeie internasionale maatskappye, streke, geldeenhede en lande bied. Dit staan bekend as die Brenthurst Global Equity Fonds en doen beleggings in 'n kombinasie van internasionale indeksvolgerfondse en indekse wat die koste van die fonds beduidend laer as die meeste bestuurde fondse hou. Die fonds is tans in 'n wye reeks internasionale fondse belê wat deur bekende ETF bestuurders soos Vanguard en iTrade (bestuur deur BlackRock) hanteer word.

GESELS MET JOU ADVISEUR VIR NADERE BESONDERHEDE



## ➲ BRENTHURST NUWE KANTOOR MAURITIUS

**Ander opwindende nuus is dat ons 'n kantoor in MAURITIUS oopgemaak het. Dié kantoor word bestuur deur Gavin Butchart, Finansiële Direkteur. Gavin se verantwoordelikhede is onveranderd en hy is steeds beskikbaar op gavinb@brenthurstwealth.co.za. Hy besoek die Fourways kantoor elke maand om met kliënte te ontmoet.**


| | |
|---|---|
| **MAURITIUS** | **+230 5843 5215** |
| **JOHANNESBURG** | **+27 (0) 11 799 8100** |
| **SANDTON** | **+27 (0) 10 035 1391** |
| **PRETORIA** | **+27 (0) 12 347 8240** |
| **NEWLANDS** | **+27 (0) 21 418 1236** |
| **BELLVILLE** | **+27 (0) 21 914 9646** |
| **STELLENBOSCH** | **+27 (0) 21 882 8706** |

**www.brenthurstwealth.co.za**





BRENTHURST

BRENTHURST WEALTH MANAGEMENT IS AANGEWYS AS DIE TOP BOETIEK WELVAART BESTUURDER IN SA BY DIE 2017 INTELLIDEX WELVAART BESTUURDER EN PRIVAAT BANKE TOEKENNINGS.